"As such, this product of our research has the potential to improve service delivery to language-impaired and otherwise language-challenged children, who may benefit from focused language stimulation in order to develop those language skills which contribute toward the acquisition of literacy skills. That said, we are also excited about its potential to be used with children outside of South Africa."

The REALT kit consists of the following components: A total of 361 picture-based items, presented in nine booklets, one for each targeted language area; an orientation poster to introduce and aid memory of the characters appearing in the pictures; a CD containing 130 reproducible A4 story sheets to be printed and folded into mini-books; and a user manual.

"The material is specifically designed for and ideally suited to the fostering of receptive and expressive language skills of children such as older preschool and school-going children with language delay, specific language impairment, or language disorder related to other conditions; children in the Foundation Phase who struggle with

“school language”; and children in the Foundation and Intermediate Phases who are second- or foreign-language speakers of English or Afrikaans,” says Van Dulm, who now works at the Department of Communication Disorders at Canterbury University, New Zealand.

The pictures are also suitable for use with adults with aphasia (in the form of the given REALt activities or as part of tasks devised by a speech-language therapist). The REALt material can also be used in informal assessment of children’s language.

Says Van Dulm: “There is a dearth of culturally and linguistically appropriate language assessment instruments for use with South African children. Because many South African speech-language therapists wish to refrain from using standardised British- or American-developed language tests for which there are no South African norms, these therapists make use of informal language assessment, and the REALt offers them a means to do so in a systematic manner.”



Examples of the materials included in the REALt kit. (Photos supplied)

GEOGRAPHY AND ENVIRONMENTAL STUDIES

Piet Eloff tree af na 38 jaar se betrokkenheid in die lewens van studente

Na 38 jaar se betrokkenheid in die lewens van studente beide binne en buite die klas, sal mnr Piet Eloff van die Departement Geografie en Omgewingstudie aan die einde van 2012 aftree. Oor die jare heen het Eloff nie net klasgegee in die Departement nie, maar ook na-ure as Besoekende Hoof van Libertasprivaatstudentewyk vanaf 1980 tot 1990 gediën, as Hoof van al die universiteit se PSO-wyke (1991-1995), en later as Inwonende Hoof van Eendrag Manskoshuis (1996-2012).

Eloff het in 1967 vir ’n BA-graad aan die Universiteit Stellenbosch (US) geregistreer en in 1970 ’n BA Hons (met Geografie as sy hoofvak) verwerf. Het hy later ’n hoër onderwys diploma sowel as ’n MA in Geografie aan die Universiteit voltooi. Tydens sy studentejare het hy ook rugby vir die Maties eerste span gespeel en gereeld op die veld uitgedraf met bekende sportmanne soos Jannie Engelbrecht, Morné du Plessis, Dawie Snyman en Boland Coetzee, wat almal later vir die Springbokspan gespeel het. Die Matiespan is deur Doc Craven afgerig.

In 1972 het hy as onderwyser by Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch begin werk, maar sê Eloff, na twee jaar by dié seunshoërskool, het hy ’n pos as junior lektor by die Departement Geografie aanvaar.

“By Paul Roos moes ek ‘n verskeidenheid ander vakke ook onderrig,” sê hy, “maar by die Universiteit kon ek gewoon fokus op die vak waarin ek belangstel.”

Eloff se kundigheidsarea is stedelike geografie, maar hy fokus ook baie op klimaatkunde.

“Aardrykskunde was een van my gunsteling vakke op skool. Dit is deel van alles wat ons doen in die lewe. Elke dag as jy jou kas oopmaak en besluit oor wat om aan te trek, dink jy aan die weer en so ook indirek aan aardrykskunde,” verduidelik Eloff.

Sy liefde vir aardrykskunde het oor die jare sy passie vir onderrig en die oordrag van kennis aan jongmense net verder aangevuur.

“Dit is vir my lekker om met jongmense te kan kommunikeer en ek het altyd probeer om hulle in ‘n gesprek te betrek oor die vakgebied waarop ek fokus. Die studente het gou gewoet hulle kon openlik met my kommunikeer,” vertel Eloff.



Hier is Piet Eloff, derde van links, saam met (van links), MJ Truter, Primarius van Eendrag Manskoshuis; me Helen Zille, Premier van die Wes-Kaap; en Gerdus Benade, Onderprim, by 'n geleentheid wat vroeër vanjaar by Eendragkoshuis gehou is. (Theo Dowling)

Hierdie gemaklike verhouding tussen Eloff en sy studente is weerspieël in die terugvoer van studente wat sy klasse oor die jare bygewoon het. Studente getuig van ‘n dosent met “ongelooflike kennis” oor sy werk en wat “moeilik verstaanbare terme” vir hulle maklik verstaanbaar gemaak het; iemand wat beide Afrikaans en Engels op so ‘n manier in sy klasse gebruik het sodat almal kon verstaan en dat dit nie voel asof hy alles twee keer herhaal nie; wat die vakinhoud vir studente meer interessant gemaak het en kon verduidelik hoe die vakinhoud aanhaak by regte wêreld voorbeelde.

“Hierdie dosent kon goed met jongmense werk om te verseker dat ons verstaan. Sorg vir ‘n lekker, ontspanne atmosfeer in klas,” skryf een student terwyl ‘n ander weer sê: “Ek het nog altyd mnr Eloff (se klasse) geniet. Hy het ‘n ligte en sonnige persoonlikheid en is vol entoesiasme wat nogals help as ‘n mens ‘n agt uur klas moet bywoon. Dit maak dit die moeite werd, veral as dit reën”.

In 2004 is Eloff vereer vir sy bydrae tot die opvoeding van studente in sy departement met die toekenning van die Rektorstoekenning vir Voortreflike Onderrig.

Sy betrokkenheid in die lewens van studente na-ure, sê hy, het hom ook baie gehelp in sy kapasiteit as dosent en andersom.

“Die feit dat ek studente ook buite die akademiese omgewing gesien het en dat ek hul sosiale bedrywighede kon

waarneem en kon meeleeft, het dit moontlik gemaak dat dit nie vir my moeilik was om 'n konneksie met hulle in die klas te bewerkstellig nie. Ek kon ook met hulle kommunikeer oor dit wat buite die klas gebeur en het sodoende hul aandag in die klas getrek."

"Dit was vir my bevredigend om jongmense te kon lei en begelei en te sien hoe hulle sukses behaal in hul akademie en die lewenslesse wat hulle oor die jare leer. Dit is ook lekker om te besef dat jy 'n positiewe bydrae kon maak in baie van hul lewens," sê hy.

Gedurende die jare wat hy klasgegee het, het hy ook as studieleier opgetree vir 12 meestersgraadstudente en as eksaminator van omtrent 30 meestersgraadstudente. Hy het ook verskeie navorsingartikels in vaktydskrifte soos *SA Geograaf*, *Acta Academica* en die *SA Journal of Wildlife Research* gepubliseer.

Sedert Eloff as eerstejaar in 1967 by die US begin studeer het, het dinge by die instansie en ook in sy eie Departement baie verander.

"Ek dink toe ons begin het, was hier net 3 000 studente, en mense het mekaar omtrent almal geken. Die studente was ook nie so mobiel soos hulle nou is nie, met die gevolg dat jy ook naweke op kampus was en baie betrokke was by studente aktiwiteite soos sport en veral rugby. Daar was dus ook meer betrokkenheid en ondersteuning van aktiwiteite wat oor naweke geskied. Ek dink ook oor die jare heen het die Universiteit minder konserwatief geword en natuurlik het tegnologie dinge ook drasties verander," sê Eloff.

Selfs geografie as vakgebied het verander.

"Geografie het redelik gediversifiseer oor die jare en daar word vandag klem gelê op 'n verskeidenheid subdissiplines. Daar het vir mense meer geleenthede oopgegaan om navorsing te doen oor hul belangstellingsgebiede."

Na jare van bedrywig wees, wat presies beplan Eloff nou dat hy gaan aftree?

"Ek is nie van voorneme om weer klas te gee nie," sê Eloff. "Ek soek vir eers 'n bietjie tyd vir myself om te doen wat ek wil wanneer ek wil. Ek het in my 32 jaar saam met studente (na-ure) meer as 50 huisdanse en meer as 150 huisvergaderings bygewoon. Dit is hoekom ek sê ek soek 'n bietjie tyd vir myself," vertel hy soos hy lag.

Eloff hoop om wel voort te gaan om as kundige deel te neem aan die RSG-radioprogram, *Hoe verklaar jy dit*, wat hy saam met sy medekollega, Bennie Schloms, oor baie jare reeds op 'n Sondagoggend doen. Die program fokus op vrae wat luisteraars instuur oor die wetenskap en natuur.

"Ek wil ook fokus op my belangstelling in die natuur soos hengel en jag. Ek is lief vir die natuur. Buiten die akademiese artikels wat ek oor die jare geskryf het, het ek meer as 25 artikels vir populêre jagtydskrifte ook saamgestel."

JOURNALISM

Oud-Matie en Rykie van Reenen-genoot wen Absa KKNK en Dagbreek Trust tekstokompetisie

'n Oud-Matie, tans die Rykie van Reenen-genoot aan die Departement Joernalistiek, Willemien Brümmer (foto), is in Augustus as die eerste wenner van die Absa KKNK en die Dagbreek Trust se teksvoorleggingskompetisie aangewys. Brümmer se voorstel, *Aandlied*, is uit meer as 50 aansoeke as die wenvoorstel geselekteer deur 'n paneel wat bestaan het uit Theo Kemp, programbestuurder van die ABSA KKNK, die regisseur Alwyn Swart, en die bekroonde dramaturg Saartjie Botha.

Brümmer sal R50 000 in kontant ontvang om haar voorstel onder die leiding van die gesoute dramaturg, Schalk Schoombie, tot 'n volwaardige teks te ontwikkel wat in die toekoms ook by die KKNK opgevoer gaan word.

Luidens 'n persverklaring wat deur die KKNK uitgereik is, is dié kompetisie oopgestel aan alle skrywers – gevestig en opkomend – met die doel om nuwe Afrikaanse dramaturgstemme te ontgin. Brümmer, 'n bekroonde joernalis, skryf sedert 2007 vir *Die Burger*, *Beeld*, en *Volksblad* se bylaag *By*. Sy is sedert 1999 'n joernalis. Sy is ook die skrywer van die kortverhaalbundel *Die dag toe ek my hare losgemaak het*, wat in 2008 deur Human & Rousseau uitgereik is.



(Foto: Simone Scholtz)

Die inspirasie vir hierdie bundel, vertel sy, was haar pa, prof Guillaume Brümmer, 'n afgetrede Wiskunde-professor aan die Universiteit Kaapstad en die kleinseun van CJ Langenhoven wat haar liefde vir stories vertel aangewakker het.

“Ek het grootgeword met stories wat my pa om die etenstafel vir ons vertel het. Dit was daar waar ek besef het dat storievertel 'n heilige proses is, 'n bietjie soos kerk. Hy het definitief daardie talent vir storievertel van Langenhoven geërf en moes eintlik 'n loopbaan in daardie rigting gevolg het as jy my vra, maar toe was die liefde vir wetenskap veel sterker. Ek het my pa leer verstaan deur stories en daarom speel die pa-karakter in my boek ook so 'n groot rol,” vertel sy soos sy terugdink na haar kinderjare met 'n glimlag.

“Daar is ook baie mense in ons familie wat skryf. My broer, Stefaans Brümmer, is 'n ondersoekende joernalis en werk by die *Mail & Guardian*, terwyl Daniel Hugo, aan my ma se kant van die familie, 'n digter is.”

Alhoewel sy vir jare daarvan gedroom het om 'n teks vir die verhoog te skryf, sê Brümmer, is dit die eerste keer dat sy haar hand aan so iets waag. Nietemin is sy goed vertrouwd met die teaterwêreld. Die eerste graad wat sy aan die US verwerf het, was 'n BDram wat sy in 1997 voltooi het. Kort daarna, het sy 'n BPhil Joernalistiek verwerf en het sy die besluit gemaak om liewers 'n loopbaan in die media oop te kerf.

Ná jare in die mediawêreld en met die aankondiging van die teksvoorleggingskompetisie by die onlangse Kannas, het die hunkering na toneelskryf weer begin opvlam. “Ek gaan kyk dikwels teater, want ek het 'n diep liefde vir hierdie genre en hunker dikwels nog steeds daarna om meer betrokke te wees by die verhoogwêreld. Ek lees verskriklik graag en vir 'n lang tyd het ek liewers dramatekste gelees het as 'n roman of ander vorms van literêre tekste. Dit was nog altyd my voorkeur genre, my liefinggenre.”

As jy nou vir Brümmer hoor praat oor haar verlange om weer by die teater betrokke te raak, sou jy nooit kon dink dat sy amper per toeval drama op Matieland kom swot het nie. As 'n skaam tiener aan die Hoërskool Groote Schuur is sy deur haar drama-onderwyser, Arthur Benjamin, gekies om die rol te vertolk van 'n wit bibliotekaresse wat tydens die apartheidsjare 'n liefdesverhouding met 'n swart man aanknoop in Athol Fugard se *Statements after an arrest under the Immorality Act*. Hierdie ervaring het haar aangespoor om 'n vierjaar-graad in drama by die US aan te pak. Vandag, in haar kapasiteit as 'n Rykie Van Reenen-genoot, het sy onder andere 'n kort mediakursus help aanbied vir die tweedejaar-dramastudente.

Dat sy 'n talent het om 'n storie in die lewe te roep, is duidelik nie net aan haar gesels nie, maar ook aan die terugvoer wat Swart vir Brümmer gegee het. “Haar taalgebruik is ryk en evokatief. Die karakters word verbeeldingryk geskep en dien hulle doel om haar komplekse tema deur handeling en opwindende beelde uit te beeld – nie net met dialoog nie. Daar is ook alreeds 'n gevoel van dramatiese ontwikkeling en struktuur,” skryf hy.

Op die oomblik wil sy nie self veel verklap oor die detail van die wenteks nie, maar volgens die persverklaring draai *Aandlied* om 'n moord op 'n plaas wat in die proses die Afrikaanse gesinstruktuur blootlê. Haar inspirasie, sê sy, was onlangse nuusgebeure, maar meer as dit wil sy nie verklap nie.

“Wat my boei aan die onderwerp, is die grysgebied waar persoonlike politiek (noem dit hartspoliteik), familiepolitiek en landspoliteik bymekaarkom in 'n land soos Suid-Afrika waar ons almal bloots gery word deur geweld. Watter rol speel die geskiedenis – nie net in plaasmoorde nie, maar ook in gesinsmoorde? En wat is die verskil tussen die anatomie van 'n plaasmoord en dié van 'n gesinstreurspel?” vra Brümmer.

Sy is baie opgewonde om met hierdie prys die geleentheid gegun te word om een van van haar drome te volg, vertel sy. “Dit is regtig vir my 'n wonderlike geleentheid, want daar is soveel uitnemende dramaturge wat nie betaal word vir hul tekste nie. So vir my is dit 'n geweldige voorreg dat die Absa KKNK en die Dagbreek Trust vir my prysgeld sowel as ondersteuning deur middel van Schalk Schoombie gee om my teks te ontwikkel. Die meeste jong skrywers kan maar net daarvan droom om eendag hul tekste op die verhoog te sien. Ek dink dis uiters belangrik dat nuwe skrywerstemme vir die verhoog ontgin word.”

MODERN FOREIGN LANGUAGES

Michel Houellebecq se gedigte nou ook in Afrikaans te geniet

“Met die eerste oogopslag lyk Michel Houellebecq soos 'n seksistiese weirdo, maar tydens sy onderhoude is hy tog, vreemd genoeg, kwesbaar en broos,” vertel Frances Strooh, een van vyf derdejaar Frans-studente wat verantwoordelik is vir die vertaling van Houellebecq se gedigte na Afrikaans, sowel as die manuskrip wat in November deur Hond-uitgewers gepubliseer word.

Strooh, Joubert Gildenhuys, Elizma Briers, Annelien Robberts en Tabitha du Plessis het 'n vertaalprojek begin om Houellebecq se gedigte in Afrikaans te vertaal nadat hul derdejaarklas *La Carte et le Territoire* in hul Franskursus behandel het en 'n paar van die studente groot aanhangers van sy werk geword het.

“Dr Catherine du Toit het toe voorgestel dat ons die vertaalprojek aanpak. Die projek het my, sowel as Joubert, Elizma, Annelien en Tabitha se belangstelling geprikkel en dit het vinnig gegroei van 'n stokperdjie na 'n manuskrip

vir publikasie.”

“Houellebecq het ons oë oopgemaak vir die werklike subalterns van die Westerse samelewing wat nog altyd deur ons, en ander, misgekyk word – die middelklas. In *Om te bly lewe* sien Houellebecq dit as sy roeping om te skryf en om sodoende ‘n stem te gee aan hierdie deel van die samelewing wat oor die hoof gesien word,” sê Strooh oor sy werke.

Houellebecq is Michel Thomas gebore in 1958 op die eiland La Réunion. Kort daarna het hy saam met sy ouers teruggetrek Frankryk toe. Tydens sy vroeë kinderjare, is sy ouers geskei en is hy weggepos na ‘n kosskool in Meaux. “Toe hy ses jaar oud was, het sy ouma hom onder haar vlerk geneem. Dit is uiteindelik haar van, Houellebecq, wat hy as pseudoniem gebruik.”

“Houellebecq se laaste beroep voordat hy voltyds begin skryf het, was as rekenaarklerk vir die Franse regering – ‘n beroep wat die absolute vergestaltung van middelmatigheid is. Dus skryf hy nie uit die hoogte uit oor die ellendigheid van die lewe nie, hy het self gely, was self ‘n middelmatiger. Houellebecq het uiteindelik as een van die sterkste stemme in kontemporêre Franse literatuur te voorskyn gekom. Vir sy prosa en poësie het hy verskeie pryse ontvang, maar sy prestasies het hul hoogtepunt bereik toe hy die Prix Goncourt verwerf het vir sy mees onlangse roman, *La Carte et le Territoire*,” sê Strooh.



Michel Houellebecq

POLITICAL SCIENCE

Gouws appointed to Commission for Gender Equality, wins international prize



(Photo: Anton Jordaan, SSFD)

Prof Amanda Gouws (photo) from the Political Science Department became one of nine commissioners to be appointed to the Commission for Gender Equality (CGE) by President Jacob Zuma in June. Less than a month later, the professor specialising in gender politics, South African politics and political behaviour, had another achievement to celebrate.

She won the Wilma Rule Award for the best paper in the category Gender and Politics at the 22nd World Congress of Political Science of the International Political Science Association (IPSA), which was held from 6-12 July in Madrid, Spain. The paper is titled *Multiculturalism in South Africa: Dislodging the Binary between Universal Human Rights and Culture/Tradition*.

The award has been awarded since 2000 to encourage research in the area of gender and politics. It was named in tribute to Rule, who like Gouws, completed a degree with Journalism as one of her majors before embarking on an academic career in political science. According to the IPSA website, Rule’s “study of gender and politics led to a lifetime of research on electoral systems and how they facilitated or hindered the election of women and underrepresented minorities to public office”. She “was a leading writer and political science researcher whose work resulted in a number of articles and books that challenge conventional notions about the reasons for the lack of political representation by women in the US”.

Gouws says it is a huge honour to receive the award.

“I was speechless, because I did not expect it and yet it has also been a great honour for me. In a sense, it is also an honour for South Africa, because this paper focuses on the problems of a developing country. The fact that an organisation like IPSA is recognising the political challenges faced by a developing country is a feather in our cap.”

Gouws’ paper focused on how, in post-colonial societies that have accepted liberal democratic frameworks,

culture and universal rights are often placed in binary opposition to each other with culture seen as premodern and “backward” very often due to its control of women’s sexuality and reproduction, while rights evoke notions of modernity, individualism and enlightenment. She argued that if culture and rights are viewed through this lens, it closes the opportunity for discussions about these topics.

“This is particularly damaging in post-colonial societies where the misrecognition of cultural practices have a particularly negative impact for women because of its redistributive effect. When women’s identity/rights are recognised it often leads to a better redistribution of resources,” explains Gouws. “By applying Nancy Fraser’s concept of recognition and redistribution to the debate on customary law and land in South Africa, I wanted to show the complexity of gender relations in “multicultural” contexts in post-colonial societies and secondly attempt to find ways of dealing with the conflict of rights and culture in a more productive way,” she says.

Gouws focused on the Traditional Courts Bill, which discriminates against women living under customary law, to prove her argument. “Women who live under customary law may not enter a court and must always be represented by men. This can have an impact on whether they gain access to their share of their inheritance (when a husband dies) and land. The argument that I am making is that while the rights of men and traditional leaders were recognised before the law in 1994, intra-group discrimination, where men’s rights are recognised but not women’s, still exists.”

“One of the ways in which women’s rights can be recognised according to Fraser,” says Gouws, “is through the parity of participation, which means that women must also be able to participate in political processes for themselves. In order to achieve this, we must return to living customary law, which recognised women’s rights before the intervention of colonialism. The solution lies in legal pluralism that takes living customary law seriously, rather than codified customary law (as developed under colonialism and apartheid) that represents a patriarchal pact with traditional leaders.”

Just a month earlier, Gouws’ attention was not so much focused on the paper she was to present in Madrid, but rather on her appointment to the CGE and the contribution she could make there.

Over the last few years, the CGE has been described in the media as a “flailing” organisation which had not lived up to its mission to advance, promote and protect gender equality in South Africa. In 2007, a report focusing on the Kader Asmal Commission investigation of chapter nine institutions recommended that the CGE should be amalgamated with the Human Rights Commission.

“Many of us felt that it would not be the right decision as it would take the focus away from gender and now we have an obligation to show how the Commission can function effectively.”

Considering the calibre of the new appointees, says Gouws, she is convinced that they will achieve this goal.

“I think a great group of commissioners have been appointed with the ability to ensure that the Commission functions on a much higher level with greater visibility than it did before. I am excited to work with these commissioners who are aware of the seriousness of gender discrimination in South Africa and who realise that many of the solutions that were recommended in the past, are not working and that the time has arrived to search for new solutions.”

Gouws says she hopes to help raise and improve the public profile of the Commission during her term. “I hope that we will now start communicating with the public on a more regular basis and that we will take our oversight function over government very seriously by monitoring the impact that all laws have on gender issues. I also hope that where discrimination does take place we will use the investigative function of the Commission to search for solutions against discrimination.”

De Jager en Du Toit se nuwe boek, *Friend or Foe?*, nou aanlyn te koop

’n Boek wat fokus op die impak van ’n dominanteparty-stelsel op die gehalte van demokrasie in ontwikkelende lande is onlangs deur twee politieke wetenskaplikes in die Departement Politieke Wetenskap saamgestel. Dr Nicola de Jager en prof Pierre du Toit het as mederedakteurs van die boek, *Friend or foe? Dominant party systems in southern Africa: Insights from the developing world*, gedien wat amptelik op 28 November deur UCT Press by ’n geleentheid in Kaapstad bekendgestel is.

In ’n berig in die vorige uitgawe van *LETTER* (Jaargang 8:2), het De Jager en Du Toit meer vertel oor die navorsing vir die boek.

“Die aantal dominanteparty-stelsels in Suidelike Afrika – dit wil sê stelsels waarin een party vir ’n lang tydperk in ’n oënskynlik demokratiese stelsel met gereelde verkiesings en verskeie deelnemende partye domineer – het die afgelope tyd gestadig toegeneem. Hierdie stelsel het die eenpartystelsel vervang wat die politieke landskap van Afrika ná die eerste bevrydingsgolf in die 1950’s en 1960’s oorheers het,” sê hulle.

Die boek probeer hierdie tendens en die implikasies vir die demokrasieë van Suider-Afrika beter verstaan deur sodanige stelsels in die Suider-Afrikaanse streek met dié in die res van die ontwikkelende wêreld, soos Meksiko, Indië, Suid-Korea en Taiwan, te vergelyk.

“Die geval van Zimbabwe in die besonder is ’n onrusbarende voorbeeld van die koers wat ’n dominante party kán inslaan, naamlik verval in outoritarisme. Meksiko, Indië, Suid-Korea en Taiwan bied alternatiewe roetes vir die

dominanteparty-stelsel,” sê De Jager en Du Toit.

“Die hoofvraag wat die boek stel,” reken die redakteurs, “is watter rigting Botswana, Namibië en Suid-Afrika inslaan. Dié vraag word beantwoord deur gevolgtrekkings oor of hierdie lande in die rigting van liberale demokrasie, outoritarisme of ’n middeweg tussen die twee beweeg.”

Die boek bied ’n aantal belangrike insigte in die gehalte van die Suid-Afrikaanse demokrasie in vergelyking met ander demokrasieë. Zimbabwe staan byvoorbeeld uit as ’n kenmerkende vorm van partyoorheersing wat van al die ander lande in die boek verskil. Volgens De Jager en Du Toit het die kombinasie van dekades lange partydominansie deur ZANU-PF sowel as Robert Mugabe se persoonlike bewind ’n magskonsentrasie geskep waarin etlike demokratiese regte van Zimbabwiese burgers in effek vernietig is.

“Dit toon presies hoe belangrik die ANC se Mangaung-leierskonferensie is. Die ANC het tot dusver nie die ZANU-PF-roete ingeslaan nie en het nog altyd daarin geslaag om suksesvol van leiers te verander. Dit is noodsaaklik vir die gehalte van ons demokrasie dat hierdie praktyk gehandhaaf word,” meen De Jager en Du Toit.

Die boek bied ook besondere insig in hoe partyoorheersing in Indië, Meksiko, Taiwan en Suid-Korea tot ’n einde gekom het op grond daarvan dat opposisiepartye nasionale verkiesings gewen en partydominansie sodoende met doeltreffende veelpartystelsels vervang het. Gedagtig daaraan dat die ANC na verwagting die verkiesing in 2014 wéér sal oorheers, kan Suid-Afrika baie wys word uit die ervarings van sy eweknieë.

“Suid-Afrika se demokrasie sal slegs groei en verdiep indien die ANC afstand doen van sy doel om alle magshefbome te beheer, en homself as bloot een van die politieke spelers (ofskoon die sterkste speler) in die politieke spel begin beskou. Die ANC hét al op plaaslike en provinsiale vlak mag afgestaan, maar die lakmoestoets is steeds wanneer politiek op nasionale vlak waarlik mededingend word,” sê die mederedakteurs.

Die boek is moontlik gemaak deur finansiering van die Konrad-Adenauer-Stiftung.

Die mederedakteurs het wyd uit hul onderskeie spesialiteitsgebiede geput om die publikasie saam te stel. De Jager spesialiseer in dominanteparty-stelsels, vergelykende Suider-Afrikaanse politiek, demokratiese konsolidasie en Suid-Afrikaanse politiek, terwyl Du Toit weer op staatsbou en demokrasie, vredesprosesse en etniese konflik, demokratiese konsolidasie en identiteitspolitiek konsentreer. Die boek *Liberal Democracy and Peace in South Africa: The Pursuit of Freedom as Dignity*, wat Du Toit saam met US-kollega prof Hennie Kotzé geskryf het, is verlede jaar deur Palgrave Macmillan uitgegee.

Die boek is aanlyn te koop by On The Dot by 021 918 8500 of orders@onthedot.co.za.



Hier is Du Toit (links) en De Jager met die boek wat nou kort uitgereik is. (Anton Jordaan, SSFD)

PSYCHOLOGY

Watermeyer's book offers a new perspective on traditional understanding of disability studies

Over the years, disability studies, an interdisciplinary field concerned with how and why disability inequality happens and is maintained in the world, has focused primarily on the effects of the social and economic oppression of disabled people. While this lens offered an alternative to the medical model, which works from the presumption that people are excluded from participation because of their biological or medical make-up, both ignore the psychological impact of being marginalised and discriminated against.

With the release of *Towards a contextual psychology of disablism*, Dr Brian Watermeyer, a former postdoctoral research fellow at the Psychology Department and a clinical psychologist, draws on sociology, social anthropology, psychology, psychoanalysis as well as clinical material from his own practice, to offer a psychoanalytic take on the problem of conceptualising psychological aspects of life with disablism. The book, which was published by Routledge, is part of the Routledge Advances in Disability Studies series.

Watermeyer's book essentially offers a new way to understand what it means to live at the edge of society and the “psychological dynamics and predicaments confronting disabled people in an exclusionary and prejudiced world”.

"This book tries to chart a theoretical course which allows us to think about the psychological nature of disability, while at the same time holding firm to a critical, contextual or politically engaged understanding of the marginality of disabled people as a form of social injustice," he explains.

During his research, Watermeyer also drew on black consciousness writing.

"My work draws on black consciousness writing, as do a few other disability studies' authors, but these connections are relatively new, as the discipline has in the past paid so little attention to psychological aspects of oppression," says Watermeyer.

"There are very strong resonances between racism, the perpetuation of racial inequality and the perpetuation of disability inequality. In racial prejudice, there is the tendency to start othering people. In order to maintain a positively distinctive identity, we disavow certain parts of ourselves and allocate that to another person. That allocation is usually based on what the dominant group in society are afraid of in themselves. It is done to prop up one's own identity and to denigrate and marginalise other identities and there is a lot of similarity in that basic mechanism within racial prejudice and the denigration and othering of disabled people."

"All of us carry what I would call universal existential conflicts, all humans do. A lot of those conflicts are about our worth and our insecurities, and there is something about the material difference of disabled bodies that strongly evokes those insecurities. Disabled people have become the receptacles for those human projections – feelings of ugliness, of fears to do with mortality, fears of being inadequate and dependent, and fears of being infantile – and are by consequence distanced, rejected, and on the whole then treated as different."

Initially, researchers interested in the impact of prejudice on people affected directly by the apartheid system focused on the structural and economic barriers to participation and the effect this had on those persons. Later, with the advent of Steve Biko's black consciousness movement, the focus turned to the psychological nature of discrimination, how it impacted on people mentally and how people affected by discrimination often tended to be co-opted into colluding with their own subordination.

Watermeyer's book offers the same psychological perspective, but this time in the field of disability studies.

However, his book is sure to cause a stir.

"This is going to be a controversial book, because, probably the majority of voices in disability studies disagree that we need to think psychologically about disability studies. Their argument is that if we look too closely at disabled people, we are going to start looking at them as damaged. I understand that argument, but I think it might be outdated. It isn't helpful to pretend that living with racism doesn't have a psychological impact on black people in much the same way that we cannot pretend that living with disablist discrimination doesn't leave harmful impressions on members of the disabled community. We need to be brave and candid when talking about the effects of discrimination on individuals and how impressions are often left on the marginalised that force people to collude with their own discrimination."

According to Prof Leslie Swartz, a lecturer in the Psychology Department at Stellenbosch University, Watermeyer's book is a remarkable achievement.

"It represents a major step forward in terms of how we understand the psychological realities contributing to the social exclusion and marginalisation of disabled people. It is a very brave and unorthodox book. Historically, psychologists have medicalised and pathologised disabled people, and this book demonstrates the serious deficiencies in such an approach. Disability activists, on the other hand, have tended to ignore or even in their own way pathologise the completely understandable psychological reactions that disabled people have to being excluded and discarded," explains Swartz.

"Watermeyer is as strident in exposing the weakness of this anti-psychological approach as he is in showing the historical complicity by psychology and psychologists in oppressing disabled people. For me, this is the most exciting and refreshing book in disability studies in recent years, and I don't think it is entirely by chance that it is written



Brian Watermeyer during the official launch of his book. (Photo supplied)

by a South African. As a South African working at Stellenbosch University, Watermeyer is finely attuned to complex debates about identity, culture, and the oppressive use of language and social categories."

Some of the topics addressed in the book include cultural othering and material deprivation; theorising disability; psychoanalysis and disability studies; oppression, psychology and change; and disability and the distortion of personal and psychic boundaries.

Watermeyer has been involved in disability studies research since 1999 and have also been teaching in the field for the last decade. Disabled himself – he is partially sighted – the book, he says, is a "culmination of his thinking over the last years".

He therefore hopes that it will help make a significant contribution to how disability is understood in future. "I hope that this book will be an important stride towards developing the area of the psychological nature of disabled life in a discriminatory world, a field which has been underrepresented and under-theorised. It is essentially a set of suggestions on how we can chart the course ahead in this discipline and I hope the invitation to continue research in this field will be taken up by many other researchers in the world."

Navorsing oor die vrese van visueel gestremde kinders besorg aan student Fulbright-beurs

Kinders wat swaksiende is se grootste vrees is dat hulle met die M1-virus besmet kan word; kinders wat heeltemal blind is, is die bangste vir vuurwapens; en kinders wat ernstig visueel gestrem is, se grootste vrees is vuur en om te verbrand.

Dit is die bevindings van me Lisa Visagie, 'n student in die Departement Sielkunde wat haar meestersgraad onder dr Helene Loxton, van dieselfde Departement, gedoen het oor die vrese van kinders wat visueel gestrem is. Visagie is self ook visueel gestrem.

Vrees is 'n normale ervaring tydens die ontwikkeling van kinders. In sommige gevalle kan vreeservarings egter van so 'n aard wees dat dit met kinders se algemene funksionering inmeng en sielkundige insette nodig is. Die doel van Visagie se studie was om 'n beeld te kry van die normale vreesprofiel van kinders met visuele gestremdhede.

In Julie het Visagie en Loxton die bevindinge van haar navorsing by die 30ste Internasionale Sielkunde Kongres (*International Congress of Psychology*, of ICP) in Kaapstad saam met Loxton aangebied. Haar navorsing het ook 'n Fulbright-beurs aan haar besorg en sy sal in 2013 by 'n universiteit in Amerika 'n gedeelte van haar doktorsale studie kan onderneem.



Lisa Visagie en haar gidshond Bagheera. Die hond is die opvolger van Pam wat tydens haar voorgraadse en honneursstudies pal aan haar sy was. Vandag is Pam afgetree en lei sy 'n rustige lewe by Lisa se huis op Richardsbaai in KwaZulu-Natal.

"Angs is wêreldwyd een van die mees algemene sielkundige probleme onder alle mense," sê Visagie.

"Daar is in 1991 laas navorsing gepubliseer wat kyk na die vrese van kinders wat visueel gestrem is. Daar is nog nooit iets soortgelyks in Suid-Afrika gedoen nie."

'n Groep van 67 kinders tussen 8 en 13 jaar oud van twee spesiale skole in die Wes-Kaap het aan die studie deelgeneem. Die kinders is volgens kriteria van die Wêreldgesondheidsorganisasie in drie groepe verdeel: heeltemal blind (kan niks sien nie), ernstig visueel gestrem (kan net onderskei tussen lig en donker en mag ook beperkte beweging waarneem) en swaksiende (visie is beperk en mag fluktueer volgens omgewingsfaktore).

"In die toetsgroep het ons 42 vrese per kind geïdentifiseer. Dit is twee keer meer as die aantal vrese onder kinders in die kontrolegroep," sê Visagie.

"Interessant egter is dat ook in die kontrolegroep – dus kinders sonder enige visuele gestremdhede – was die grootste vrees om die M1-virus te kry."

Sy glo die oorsaak vir die MIV-vrees mag verband hou met die groot bewusmakingsveldtogte in die media en in skole se lewensoriënteringsleerplanne. Die vrees vir brand en seerkry is omdat daar in 'n wêreld waar 'n mens net lig en donker kan sien, talle gevare kan skuil.

Kinders wat swaksiende is, se agt top-vrese stem ooreen met dié van kinders in die kontrolegroep wat goed kan sien. Kinders wat ernstig visueel gestrem is, het baie

meer vrese as kinders wat swaksiende is en hulle het ook meer vrese as die in die groep wat heeltemal blind is.

Na raming is daar wêreldwyd 1,4 miljoen visueel gestremde kinders, waarvan sowat 300 000 in Afrika suid van die Sahara woon.

“Dit is belangrik dat die kinders se vrese geïdentifiseer word sodat hul ouers en onderwysers bewus gemaak kan word hiervan en hulle emosioneel kan bystaan,” sê Visagie.

Visagie sê as persoon met ‘n visuele gestremdheid, ervaar sy ook soms angs.

“In onbekende situasies moet jy altyd ‘n stappie vooruit wees. As universiteitstudent moet jy jou voor die aanvang van die klasse aan jou dosente gaan voorstel. Jy moet vooraf vra vir die jaar se studieprogram sodat jy deurentyd goed voorbereid kan wees. ‘n Mens voel soms ook minderwaardig – en ongemaklik wanneer ander mense nie regtig weet hoe om jou te hanteer nie.”

Visagie sê sy was voordat sy aan die US begin studeer het baie angstig oor wat op haar sou wag.

“Ek was van jongs af weens ‘n kongenitale siekte swaksiende. Ná my matriekjaar het ek ‘n operasie gekry, maar as gevolg van ‘n daaropvolgende komplikasie, het ek blind geword.

“Kort voordat die akademiese jaar in my eerste jaar begin het, het ‘n vriendin van my, Catherine Goosen, in die vakansie saam met my kampus toe gekom en twee dae lank saam met my al die verskillende paadjies gestap sodat ek my nuwe omgewing kon leer ken.”

Visagie, wat intussen as voorligtingsielkundige gekwalifiseer het, het haar man, ‘n ouditeur, ontmoet terwyl hulle beide Maties was. Sy is vol lof vir hoe die Universiteit na studente met gestremdhede omsien.

“My dosente het altyd probeer om dinge vir my makliker te maak en ek kon ook altyd staatmaak op die personeel van die Universiteit se Braille-kantoor wat doeltreffend gewone dokumente vir my omgeskakel het in toeganklike formate sodat ek deurentyd op hoogte van my studies kon bly.”

Visagie sê sy is opgewonde oor die vooruitsig om ‘n gedeelte van haar doktorsale studie met haar Fulbright-beurs in Amerika voort te sit.

“Dr Loxton het my aangemoedig om vir die beurs aansoek te doen. Ek wil in my doktorsale navorsing ‘n angsvoorkomingsprogram skryf. Hierdie program kan vir kinders wat visueel gestremd is vaardighede leer om hulle te help om probleme wat hulle as gestremdes mag teëkom, te hanteer. Wanneer iemand toegerus is met die nodige vaardighede om probleme in alledaagse situasies die hoof te kan bied, help dit om angsvlakke te verlaag en ook om die ontwikkeling van angsversteurings te voorkom.” – STEPHANIE NIEUWOUTD

* Hierdie storie is oorspronklik op die US-webwerf gepubliseer.



Visagie saam met haar studieleier dr Helene Loxton en gidshond Bagheera in die voorgrond. (Alle foto's deur Justin Alberts geneem.)

Researcher receives R5 million to study the long-term impact of an early intervention to improve the mother-infant relationship

Prof Mark Tomlinson (photo), a leading researcher in the Department of Psychology, recently received R5 million from Grand Challenges Canada (GCC) to study the long-term impact of an intervention to enhance the early mother-infant relationship in poor communities. His research project is one of 11 projects across the world which will be funded by GCC for the next two years to the tune of a total of \$11.8 million CAD.

GCC is funded by the Canadian government and focuses on supporting “bold ideas with a big impact in global health”.

“Unlocking human potential crucially depends on reliable parental care that is sensitive to the developmental needs of children. In the context of poverty and high adversity, the capacity of parents to provide the kind of care that promotes good child developmental outcomes can be severely compromised,” explains Tomlinson.

According to a press release from GCC, as many as 200 million children across the world fail to meet their full developmental potential because of the debilitating impact of poverty. Risk factors such as malnutrition, infection, unhealthy pregnancy and birth complications, as well as an absence of stimulation and nurturing all contribute to the loss of cognitive potential in developing world children and condemn them to impoverished lives.

“The best way to keep a country poor is to rob its children of their full developmental potential,” says Dr Peter A. Singer, CEO of GCC. “Consistent with Canada’s commitment to women’s and children’s health, the Saving Brains initiative is a bold and transformational approach to addressing the significant challenges facing the developing world. We are investing in improving conditions in the first 1 000 days of children’s lives so they can flourish and pull themselves – and consequently their countries – out of poverty.”

The grant that Tomlinson has received will be used to expand on a previous study, the Thula Sana study, which was conducted from 1999 to 2003 in Khayelitsha. This study consisted of a manualised home-based, low cost intervention designed to be easily implemented by community health workers working within poor communities. Health workers involved in this intervention underwent a three-week training programme to prepare them for the study and received regular supervision during the study period. A total of 220 mothers were provided with intervention and were then compared to a control group of 229 mothers who did not receive the intervention.

“We found in work we completed before our intervention study that many mother-infant relationships in Khayelitsha were characterised by insensitive and unresponsive parenting particularly in mothers who were clinically depressed. We also found that many infants were insecurely attached,” says Tomlinson.

The intervention began in the last trimester of pregnancy and continued for six months postpartum. A total of 16 visits were made by health workers involved in the intervention, with the most intensive sessions taking place in the first three postpartum months. The intervention consisted of specific measures for encouraging mothers in sensitive, responsive, interactions with their infant. Over the period of the study, Tomlinson and his colleagues conducted a randomised controlled trial to assess the efficacy of the intervention. The results were impressive.

“Compared to controls at follow up, mothers in the intervention group were significantly more sensitive in interaction with their infants, and their infants were significantly more likely to be securely attached. Where social adversity was not extreme, there was also a significant benefit of the intervention in terms of child cognitive outcome.”

In the next phase of this study, Tomlinson will focus on the long-term cognitive and social development of these same infants at 13 years of age.

“We will be following up with the mothers and children to see whether the benefits that we saw when the children were 18 months old have persisted. There is emerging evidence that sensitive maternal care and associated secure infant attachment are strong predictors of a range of child developmental outcomes, including child growth and



(Photo:Anton Jordaan, SSFD)

physical health status, child cognitive development and socio-emotional functioning,” says Tomlinson.

“Children living in areas like Khayelitsha are at considerable risk. If we found the early improvements that we saw were of benefit to children in the long-term this would be of major significance to efforts to reverse the loss to human potential and the societal costs across the life course of children in South Africa and similar disadvantaged environments globally.”

SOCIOLOGY AND SOCIAL ANTHROPOLOGY

Heinecken receives international research award for her work on women soldiers' role in building peace in Africa

Prof Lindy Heinecken, a sociologist specialising in armed forces and society from the Sociology and Social Anthropology Department, was recently awarded the African Peacekeeping Network Research Award for a proposal that she submitted on *Enhancing the capacity of female peacekeepers and local women in building peace in Africa*. Her proposal was chosen from 187 applications and was one of the top four selected.

“The research aims to establish to what extent women peacekeepers are better placed to interact and engage with local communities to be able to address their needs, not only in terms of broader security issues, but human security aspects,” explains Heinecken.

The research entails interviewing peacekeepers upon their return from deployment from the Democratic Republic of Congo (DRC) and in mission areas in Goma and Bukavu in the conflict ridden Kivu region.

“It is vital to observe firsthand, how the peacekeepers interact with the local community and what they do and this means spending time with the peacekeepers in the field while on operations. One needs to get the dirt on your boots, experience the stress of deployment and see what is happening on the ground to really understand things,” says Heinecken.

The research also entails holding focus group interviews with local women in the communities affected by conflict to establish what their relationship is with the peacekeepers. An attempt will also be made to map what assets, capabilities and skills exist in communities and how peacekeepers can build on these to provide the necessary support to address key security and development needs.

“This is important,” says Heinecken, “because we have begun to realise that a top-down approach to security and development does not work. You cannot effect real change by adopting an interventionist approach – you have to build capacity from below.”



Prof Lindy Heinecken (left) doing field training in De Brug, Bloemfontein.

With the dearth of information regarding the topic she's investigating, Heinecken's research is considered groundbreaking.

